

Die Grimm Broers



Raponsie



Lank, Lank Gelede

Daar was eens 'n man en 'n vrou wat gesmag het daarna om 'n kind te hê. Uiteindelik het dit gelyk of God hulle gebede gehoor het.



Van die venster aan die agterkant van hul huis kon hulle 'n wonderlike tuin vol pragtige blomme en kruie sien. Dit was omring deur 'n hoë muur, en niemand het dit gewaag om daarin te gaan nie, want dit het aan 'n magtige heks behoort, en almal was bang vir haar.



Op 'n dag het die vrou by hierdie venster gestaan en afgekyk na die tuin, toe het sy 'n lieflike bedding vol Raponsies gesien, wat 'n soort blaarslaai is. Dit het so vars en groen gelyk dat dit haar mond laat water het. Haar lus vir die Raponsies het elke dag gegroei. Dit was so frustrerend om dit te kon sien, maar kon dit nooit eet nie dat sy begin wegkwyn het.



Toe haar man haar so bleek en vaal sien, het hy haar gevra: "Wat is fout, skat?"

"O," het sy geantwoord, "as ek nie van daardie Raponsie kan eet nie, sal ek sterf."

Haar man was lief vir haar, en hy het gedink: Eerder as om te kyk dat my vrou sterf, sal ek vir haar van daardie Raponsie kry, ongeag van die koste.



Toe dit skemer word, het hy oor die muur in die heks se tuin
geklim, 'n handvol Raponsies gegryp en dit na sy vrou
geneem.



Sy het dadelik 'n slaai gemaak en dit gulsig geëet. Dit
smaak vir haar lekker; so baie lekker.



Die volgende dag was haar lus drie keer so groot. Dit sou haar nie laat rus nie. Daar was niks daarvan oor nie. Die man moes terug gaan na die heks se tuin.



Met skemer het hy weer oor die muur geklim. Maar toe hy
aan die ander kant afkom, het hy amper uit sy vel gespring.
Daar staan die heks, reg voor hom!

Sy het hom aangegluur. “Hoe durf jy my tuin insluip en my
Raponsies steel! Ek sal jou laat wens jy het nie.”




“Wees genadig,” het hy gepleit. “Ek moes dit doen. My vrou het die Raponsies vanaf ons venster gesien, en sy het so ’n lus daarvoor gehad dat sy sou gesterf het as sy nie iets gehad het om te eet nie.”

Die heks se gesig het sag geword. “As dit die geval is, sal ek jou toelaat om soveel Raponsies te kies as wat jy wil, op een voorwaarde. Wanneer jou vrou se baba gebore word, moet jy die baba vir my gee. Ek sal na die baba kyk en sal lief wees vir die baba soos ’n ma moet.”


Die man was so bang dat hy tot enigiets sou ingestem het.



So toe die baba gebore was, het die heks gekom en
die baba weg geneem. Dit was 'n baba dogtertjie, en
die heks het haar Raponsie genoem.




Raponsie het gegroei tot
die mooiste kind onder
die son. Sy was twaalf jaar
oud, toe die heks haar in
die woud in geneem het
en haar toegesluit het in
'n toring wat nie trappe of
deur gehad het nie, maar
net 'n klein venstertjie
heel bo.




Toe die heks wou inkom, het sy
daar onder gaan staan en
geroep:

Raponsie, Raponsie

Laat sak jou hare.





Raponsie het wonderlike
lang hare gehad, so fyn
soos gespinde goud.

Wanneer sy die heks hoor
roep, het sy haar gevlegte
lokke tot op die grond laat
tuimel sodat die heks
daarop kon klim.

'n Paar jaar later het 'n prins
toevallig deur die bos gegaan
en verby die toring gery.
Daaruit het hy iemand hoor
sing.



Dit was Raponsie, wat
gereeld vir haarself gesing
het.



Haar stem was so lieflik en
toweragtig dat die prins gestop
het om daarna te luister. Hy wou
op na haar toe gaan, maar toe
hy die deur na die toring soek,
kon hy nie een kry nie.



Hy het weggery, maar die
sang het hom so ontroer dat
hy elke dag terug gekeer het
om daarna te luister.




Eenkeer, toe die prins na
Raponsie se sang gestaan en
geluister het, het die heks
gekom.


Toe hoor hy hoe die heks haar
roep,

Raponsie, Raponsie,

Laat sak jou hare.



Toe laat Raponsie haar
lokke los, en die heks klim
na haar toe.



Aha! Hy het gedink. As dit die
leer is waarmee ek tot by haar
kan klim, dan sal ek my geluk
probeer.



Die volgende dag, toe dit donker
word, het hy na die toring
gegaan en geroep:

Raponsie, Raponsie,
Laat sak jou hare.



Die hare het af
geval, en hy het op
geklim.



Eers was Raponsie doodbang. Sy het nog nooit 'n man gesien nie. Maar die prins het so sag met haar gepraat dat sy haar vrees verloor het. Hy het vir haar gesê: “My hart was so ontroer deur jou sang dat ek nie kon rus nie. Trou asseblief met my.”




Hy was so jonk en aantreklik, en Raponsie het gedink hy sou haar meer lief hê as die ou heks. "Ja," het sy gesê. "Ek sal met jou trou." En sy het hom haar hand gegee.



Toe sê Raponsie: “Maar hoe sal ek ooit afkom? . . . Ek weet. Elke keer as jy kom, moet jy 'n tol sy bring, en dan kan ek 'n leer daarmee maak.

Wanneer dit klaar is, sal ek afklim, en jy kan my op jou perd afdra.” Hulle het ooreengekom dat hy tot op daardie tydstop elke aand haar moes besoek, want die ou heks het altyd in die dag gekom.



An illustration of an old woman with grey hair, wearing a brown cloak with a white fur collar and a striped skirt, pulling on a thick, golden braided rope. The rope is hanging down from above. The background is a stone wall, and there are green plants and rocks in the foreground.

Die ou heks het niks vermoed
nie, totdat Raponsie eendag
hardop gewonder het.


“Hoekom is jy soveel swaarder
om op te trek as die prins? Hy
is binne 'n oogwenk hier bo.”

“Jou ondeundse kind!” het die heks gegil. "Wat het jy gesê? Ek het gedink ek het jou van die wêreld afgesluit, maar jy het my bedrieg!”



Sy was so kwaad dat sy 'n skêr geneem het en al Raponsie se pragtige hare afgesny het. Knip-knip het die skêr gegaan, en die lieflike lokke het op die vloer geval. Toe stuur die genadelose heks vir Raponsie die woestyn in om in hartseer en gebrek te lewe.






Die aand het die heks die
afgesnyde lokke aan die
venstergrendel
vasgemaak, en toe het
die prins geroep,
Raponsie, Raponsie,
Laat sak jou hare.
Sy het die hare laat sak.

Die prins het opgeklim, maar in plaas van sy liewe Raponsie het hy die heks gekry, wat hom met haar bouse oë vas gemaak het.

“Ag!” het sy gesê. “Jou liefdes voël het gevlieg. Sy sing nie meer in haar nes nie. En sy sal nie meer sing nie. Die kat het haar gevat, en sy sal jou oë ook uit krap. Jy het Raponsie verloor. Jy sal haar nooit weer sien nie.”



The background of the page is a colorful illustration. It features a large, grey stone wall made of irregular blocks. To the left of the wall, there are green bushes and trees with yellow-green leaves. In the foreground, at the bottom, a person is lying down, partially visible. They are wearing a red tunic with yellow trim and a blue skirt or cloak. Their head is resting on the ground, and they appear to be unconscious or dead. The overall style is that of a children's book illustration.

Die prins was in 'n ang van
hartseer. In wanhoop het
hy van die toring af
gespring. Sy val is deur
braasbesies gebreek, maar
die dorings het sy oë
gekrap en hom blind
gelaat.

Die prins het blindelings deur die woud gedwaal, van wortels en bessies geëet, en geweend en geweeklaag oor die verlies van sy dierbare vrou.



Hy het vir etlike jare so in ellende rondgedwaal, totdat hy uiteindelik in die woestyn gekom het waar Raponsie in 'n ellendige bestaan geleef het met die tweeling wat sy gebaar het - 'n seuntjie en 'n meisie.



Hy het 'n stem gehoor wat bekend geklink het; en het dit genader. Raponsie herken hom dadelik en gooi haarself huilend om sy nek.



Twee van Raponsie se trane het op sy oë geval en
hom sy sig terug gegee.



Hy het haar terug geneem na sy koninkryk. Hulle is
met groot blydschap verwelkom en het nog vir baie
jare gelukkig saam gewoon.

Die Einde



